higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

15 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

226Q1NN415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.11.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee 'n rede vir die antwoord.

1.1 Die hele staat hoef nie saam te werk nie; elkeen het hul eie verantwoordelikhede.

1.2 Staatsbestuur is 'n groot organisasie van mense wie se taak dit is om wette te maak en te verseker dat die wette gehoorsaam word.

1.3 In die 1800's en vroeë 1900's is Suid-Afrika in vier federasies verdeel.

1.4 Die Algemene Regswysigingswet van 1966 het 'n polisiebeampte in staat gestel om sonder 'n lasbrief 'n persoon vir tot 90 dae sonder toegang tot 'n prokureur aan te hou indien hy/sy daarvan verdink is dat hulle by 'n polities gemotiveerde misdaad betrokke was.

1.5 In 1970 is die Wet op Burgerskap van die Nasionale State aangeneem, waarvolgens aan elke swart persoon 'n sertifikaat van burgerskap van sy of haar onderskeie tuisland uitgereik is.

1.6 Die Konstitusionele Hof is die laagste hof in die land.

1.7 In Junie 1989 het die leier van die ANC, mnr Nelson Mandela, wat op daardie stadium steeds 'n gevangene was, president PW Botha ontmoet. Albei mans het ingestem om vreedsame ontwikkeling in Suid-Afrika te ondersteun.

1.8 KODESA beteken Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika.

1.9 Die Nobelprys vir Vrede is 'n internasionale toekenning wat gegee word aan mense wat betrokke is by belangrike werk om wêreldvrede te bewerkstellig.

1.10 Die magte van die staat word nie deur die Grondwet beperk nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

staatsamptenare; Provinsiale Koerant; wetsontwerp; 1910; banneling; Grondwet; 1994; drie; wetgewing; burgemeester

2.1 In ... het die vier federasies verenig en die Unie van Suid-Afrika gevorm.

2.2 ’n ... is iemand wat gedwing word om sy of haar land te verlaat.

2.3 Die ... maak voorsiening vir ’n volkslied, ’n landsvlag en 11 amptelike tale.

2.4 ... is ’n stel regsvoorskrifte wat deur die wetgewende gesag uitgevaardig word.

2.5 ... is mense wat gekies word om die publiek binne die staatsdepartement te verteenwoordig.

2.6 Voordat ’n ... aangeneem word, moet parlementslede eers stem of hulle daarmee saamstem of nie.

2.7 Die ... is ’n amptelike nuusblad van die provinsiale regering.

2.8 In die plaaslike regeringsfeer is die hoof van die uitvoerende gesag die ...

2.9 Suid-Afrika het in ... ’n demokratiese land geword.

2.10 Daar is ... regeringsvlakke.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Dit is ’n spesiale instelling wat kontroleer hoe alle staatsdepartemente die belastingbetaler se geld bestee. Hierdie inspeksie vind jaarliks plaas.	A	strafregtelike sake
		B	howe
		C	Ouditeur-generaal
3.2	Hulle gee om oor openbare dienste en maak seker dat dit gelewer word.	D	siviele saak
3.3	As verkose verteenwoordigers verteenwoordig hulle ’n politieke party, en kan nie as individue na willekeur optree nie.	E	mense
		F	raadslede
3.4	Dit maak die derde vertakking van die staat uit.	G	Hof vir klein eise
		H	Hoë Hof
3.5	Hulle is verantwoordelik vir alle geregtelike sake.	I	tradisionele leiers
3.6	Dit sluit enige kwessie in waar ’n persoon van die pleging van ’n misdaad verdink word.	J	regsprekende gesag
3.7	Hulle het takke in al nege provinsies in Suid-Afrika.		
3.8	Geen regsverteenwoordiging word in hierdie hof toegelaat nie.		
3.9	Dit sluit in enige kwessie waar twee of meer mense daaroor verskil of een van hulle se regte deur iemand anders se dade geraak is.		
3.10	Die staat erken die leiers van hierdie gemeenskappe.		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1	Gee VYF kernelemente van ’n demokratiese staat.	(5)
4.2	Noem VYF kerndoelwitte van demokratiese regering in Suid-Afrika.	(5)
4.3	Bespreek toegang tot gesondheidsorg.	(8)
4.4	Bespreek die funksie van die regsprekende gesag.	(2)
		[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg:

‘ONS BLY IN DIE HEL EN KOES VIR KOEËLS’

Deur KGOMOTSO MEDUPE en ZANDILE KHUMALO *(DAILY SUN)* (vertaal)

Terwyl Mzansi 30 jaar van menseregte sedert die aanbreek van demokrasie vier, is die dag vir sommige inwoners ’n belediging vir hul voortslepende ellende.
Ingevolge die Handves van Regte is die hoeksteen van Suid-Afrika se demokrasie dat elke persoon ’n basiese mensereg soos gelykheid voor die reg geniet, asook gelyke beskerming en voordeel van die reg, vryheid van onregverdige diskriminasie, die reg op lewe, die reg op menswaardigheid, reg op vryheid en veiligheid van die persoon. Vir die inwoners van Denver, ’n informele nedersetting in sentraal-Johannesburg, is hierdie regte egter bloot mites.

Onwaar beloftes

Hulle glo dat hulle onderwerp word aan onmenslike behandeling deur dieselfde staat wat dieselfde regte die afgelope 30 jaar verkondig. Sommige van die inwoners wat in die informele nedersetting woon, is slagoffers wat haweloos gelaat is ná ’n dodelike brand wat die Usindiso-gebou op 30 Augustus 2023 verswelg het, en waarin 77 mense dood en 60 meer beseer is. Die Usindiso was ’n skuilplek vir mishandelde vroue en kinders en is later deur die kerkgroepe verlaat, waarna dit gekaap is om meer as 100 skuilings in die gebou te huisves. *Daily Sun* het die dag deurgebring deur met inwoners te praat. Volgens hulle laat die pyn en wanhoop van die afgelope vyf maande hulle soos minderwaardiges in hul eie land voel.

Inwoners vertel

Een van die inwoners, Thobile Bhengu (41), sê hulle is teruggeneem na die donker dae van apartheid deur dieselfde mense wat vir demokrasie geveg het. ‘Hierdie leiers onderwerp ons aan die ergste behandeling. Ons is werkloos. Hulle het dieselfde plek besoek voordat hulle ons hierheen verskuif het en het gesien dat dit nie bewoonbaar was nie; nogtans het hulle ons hierheen gestuur,’ het Thobile gesê. ‘Water oorstroom voortdurend ons skuilings en onwettige mynbouaktiwiteite vind reg onder ons plaas. Ons het eerlikwaar nog nie die demokrasie gesien waarvan hulle praat nie.’ Thobile sê die huise wat aan hulle belowe is, moet nog gelewer word. Kinders word aan swak toestande onderwerp. Sommige woon nie skool by nie, terwyl andere hul skoolloopbaan voltooi het, maar vasgekeer word in Denver met niks om te doen nie. Ons is in die hel en ons kinders koes vir koeëls,’ het sy gesê. Hoewel daar gesondheidsgeriewe in die omgewing is, voel Mbali steeds deur die munisipaliteit verwaarloos. Ons is vasgekeer, en het nêrens om heen te gaan nie.’ Volgens haar is Menseregtedag soos enige ander dag, omdat die staat hulle van hul regte ontneem het.

Kopiereg voorbehou

5.1	Definieer *demokrasie.*	(2)
5.2	Die Grondwet is op bepaalde grondwetlike waardes gegrond. Bespreek menseregte en vryheid as deel van hierdie waardes.	(3)
5.3	Na aanleiding van die scenario, wat is die regering se verantwoordelikheid?	(3)
5.4	Menswaardigheid is ’n kernelement van die Grondwet. Bespreek en gee ’n voorbeeld.	(5)
5.5	Die term *tweedegenerasie-regte* word ook vir maatskaplike en ekonomiese regte gebruik. Die staat moet ondersteuning bied sodat elkeen toegang daartoe kan hê. Gee voorbeelde van hierdie maatskaplike en ekonomiese regte.	(3)
5.6	Omgewingsregte is ’n uitbreiding van die basiese menseregte wat die mensdom benodig en verdien. Bespreek hierdie regte.	(4)
5.7	Munisipaliteite speel ’n baie belangrike rol in ontwikkeling in hul gebiede. Bespreek die verantwoordelikhede van ’n munisipaliteit.	(10)
		[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

Verduidelik die struktuur, rol en funksies van die Konstitusionele Hof. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou